education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES P1

## MODEL 2008

## MEMORANDUM

**Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.**

**VRAAG 1 (VERPLIGTEND)**

**1.1**

1.1.1 Identiteit beteken …
- Individualiteit
- Persoonlikheid
- Erkenning van wie ek is, wie ons is en wie andere is (2)

1.1.2 Uniekheid beteken …
- Om ongewoon te wees
- Om merkwaardig/buitengewoon te wees
- Om betekenisvol/noemenswaardig te wees (2)

1.1.3 Eenheid beteken …
- Harmonie of eenstemmigheid tussen persone, gelowe, ens.
- Vreedsame naasbestaan van gelowe
- Dit kan verstaan word as die 'een-heid' van alle gelowe (2)

1.1.4 Eendersheid beteken …
- Om eenders te wees
- Om ooreenkomste te hê
- Om van dieselfde soort te wees, om dieselfde aard/wese, hoeveelheid, vorm, ens. te hê (2)

1.1.5 Verskil beteken …
- Teenoorgestelde van eendersheid
- Om anders/verskillend te wees
- Nie dieselfde nie (2)

1.2 Drie hooftakke van Judaïsme
- Ortodokse Judaïsme
- Gereformeerde Judaïsme
- Konserwatiewe Judaïsme (6)

1.3

B. Inheemse Afrika-kerke (2)

1.4 Die verskil tussen die tradisionele geneser ('healer'/inyanga) en die waarsêer (isangoma)
- Die tradisionele geneser (inyanga) is hoofsaaklik 'n geneser.
- Sy/Hy behandel mense met kruie.
- Sy/Hy behandel mense met natuurlike medisynes.
- Die waarsêer (isangoma) is basies doenig met waarsêery/ voorspelling.
- Sy/Hy is ook doenig met bemiddeling tussen die voorvaders en die lewendes.
- Die waarsêer (isangoma) kan ook sommige van die funksies van die tradisionele geneser (inyanga) uitvoer. (10)

1.5
- Baha'u'llah.
- Daar is een God wat in alle gelowe aanbid word,en uiteindelik in

Baha'i. (4)

1.6 Twee algemene kenmerke in Afrika Tradisionele Godsdiens in Afrika suid van die Sahara is:

- Die geloof in 'n Opperwese.
- Verering van die voorvaders.
- Die afwesigheid van heilige geskrifte.
- Hulle het nie stigters nie. (4)

1.7 'n Unieke kenmerk van Boeddhisme met betrekking tot die leringe daarvan oor God is dat daar geen God in die sentrum van sy oortuiginge en die leringe daarvan is nie. (2)

1.8 Baie Hindoe-volgelinge aanbid 'n aantal goddelikhede alhoewel sommige glo dat daar 'n enkele God is wat die allerhoogste is. (2)

1.9 Pas 'n bron in KOLOM A by 'n godsdiens in KOLOM B:

| | | |
|---|---|---|
| 1.9.1 | E | (2) |
| 1.9.2 | D | (2) |
| 1.9.3 | B | (2) |
| 1.9.4 | C | (2) |
| 1.9.5 | A | (2) |
| | | **(10)** |
| | | **[50]** |

**VRAAG 2**

2.1

2.1.1 Die Jamiatul Ulama het gereageer deur die Moslems te vra om vreedsaam te protesteer. (2)

2.1.2
- Die media moet die sensitiwiteite van individue en gemeenskappe respekteer.
- Die media moet handelinge wat as haatspraak geïnterpreteer kan word, vermy. (4)

2.1.3 Die rede vir die impromptu boikot van die *Sunday Times* was omdat hierdie koerant onderneem het om nie die karikature/spotprente van die Profeet Mohammed te publiseer nie. (2)

2.1.4
- In sy/haar antwoord moet die leerder bewys lewer van 'n grondige begrip van die behoefte om die sleepvereistes (die reg op die vrye woord; en die verantwoordelikheid om verdraagsaamheid te bevorder) in die regte balans te hou.
- Die reg op die vrye woord mag nooit gebruik word om die sensitiwiteit van godsdienste te beledig nie. (4)

2.1.5
- Ja, dit stel beide kante van die konflik voor.
- Ons kan die aandag vestig op die inligting wat die perspektief van die koerante verduidelik, asook op die inligting wat na die perspektief van die Moslemgemeenskap verwys. (4)

2.1.6 Die Deense ambassadeur in Suid-Afrika het gereageer deur die woede van die plaaslike Moslems aan die Deense regering oor te

Kopiereg voorbehou

dra en het Moslemleiers in Suid-Afrika verseker dat dit glad nie die bedoeling was om Moslems te beledig nie. (2)

2.1.7 Die uitstorting van woede het daartoe gelei dat polisie die veiligheid by Deense missies dwarsoor Suid-Afrika versterk het. (2)

2.1.8
- Die brief moet die belangrikheid van die vrye woord soos dit in die grondwet vasgelê is, uitwys.
- Vrye spraak moet nie gebruik word om kwaadwillig oor ander gelowe te praat nie.
- Vrye spraak moet nie gebruik word om haat wat op geloof gebaseer is, te verkondig nie.
- ‘n Mens moet respek en waardering vir die oortuiginge van andere toon.
- Die vrye woord moet nie onnadenkend gebruik word nie, want dit kan die aanhangers van ‘n spesifieke geloof aanstoot gee en dan tot konfrontasie en geweld lei. (10)

**(30)**

2.2

2.2.1
- Die Hindoes het volgehou dat die terrein van die moskee die geboorteplek van hulle hooggeagte god, Lord Rama, was.
- Die tempel is afgebreek om ‘n moskee te bou.
- Daar is enkele argeologiese bewyse om die Hindoes se aanspraak te ondersteun.
- Die Moslems het volgehou dat ‘n moskee, genaamd Babri, meer as 500 jaar gelede in Ayodhya gebou is; daarom behoort die terrein aan hulle. (6)

2.2.2
- Die howe in Indië het enige aktiwiteit op die terrein verbied totdat die saak opgelos is. (2)

2.2.3
- Hulle moet gesprekke voer en tot ‘n praktiese vergelyk oor die terrein kom.
- Hulle moet leer om mekaar te verdra, en moet verdraagsaamheid onder hulle volgelinge aanmoedig.
- Hulle kan hulle plekke van aanbidding op dieselfde terrein bou en leer om op een terrein te aanbid.
- Hulle kan ‘n staande interreligieuse komitee stig wat die situasie kan monitor en die betrokke partye van raad kan bedien. (6)

2.2.4
- Hulle het gesien hoe hulle parlementêre verteenwoordiging van 2 na 86 toegeneem het in die verkiesing wat op die oproer gevolg het. (2)

2.2.5
- In 2002 was daar geweld dwarsoor die provinsie. 500 mense het gesterf en duisende is haweloos gelaat.
- In 2005 was daar protesoptogte en dié protesoptrede het tot niemand se dood gelei nie. (4)

**(20)**

**VRAAG 3**

3.1

3.1.1
- Terwyl leerstelling/leringe na ‘n formele oordra van sistematiese inligting oor ‘n onderwerp verwys, is dit vir alle praktiese doeleindes sinoniem aan ‘doktrine’.
- Die twee terme kan uitruilbaar gebruik word.
- Anders as ‘doktrinêr’, wat ‘n negatiewe konnotasie het, het ‘doktrine’ nie noodwendig enige negatiewe betekenis nie. (4)

3.1.2
- Die woord dogma kom van ‘n Griekse woord ‘dogma’, wat oorspronklik ‘voorkoms’ of ‘mening/opinie’ beteken.
- Vandag het dit twee betekenisse wat op ons betrekking het.
- Die eerste betekenis is ‘n ‘beginsel, leerstelling of stelsel daarvan’ soos dit deur ‘n gesamentlike religieuse owerheid vasgelê is.
- Alhoewel dit baie ooreenstem met leringe en oortuiging in betekenis, het ‘dogma’ ‘n bykomende konnotasie van gesamentlike religieuse owerheid .
- Die ander element van dogma is dat dit deur die gesamentlike religieuse owerheid voorgestel word soos wat dit in goddelike openbaring gegrondves is.
- Daar is egter geen absolute afsnypunt tussen leringe en dogma nie.
- Die tweede betekenis van ‘dogma’ is ‘ ’n arrogante verklaring van opinie’. (4)

3.1.3
- Die woord ‘gelykenis’ verwys na ‘n storie wat vertel word om ‘n godsdienstige beginsel te illustreer of om ‘n antwoord op ‘n godsdienstige vraag te gee.
- Dit is gewoonlik baie kort en bevat ‘n definitiewe moraal/sedeles.
- Dit stem baie ooreen met ‘n lering.
- Die grootste verskil lê daarin dat ‘n gelykenis as ‘n kunsvorm aangebied word. (4)

3.1.4
- Die woord ‘mite’ kom van die woord ‘mythos’ wat ‘woord’ of ‘fabel’ beteken.
- Dit verwys na daardie godsdienstige stories waarin diepe waarhede oor die skepping, lewe en dood geopenbaar word.
- In die alledaagse gebruik verwys die term na iets wat nie waar is nie.
- ‘n Mite probeer nie noodwendig ‘n morele punt maak nie.
- Dit vorm egter die basis van leringe en selfs van dogma in sommige godsdienste.
- Mites is heilige stories wat verduidelik waarom die wêreld is soos dit is en ook die aard van menslike ondervindinge.
- Dit word as heilig beskou omdat dit van die geestelike ryk afkomstig is.
- Byvoorbeeld: Die meeste godsdienste het mites wat verduidelik hoe alles geestelik geskep is en wat met mense sal gebeur nadat hulle gesterf het. (4)

3.2

- Die woord hermeneutiek is afgelei uit die Griekse woord *hermeneuein.*
- Die Griekse woord *hermeneuein* beteken om te vertolk/interpreteer of het te doen met vertolking/interpretasie.
- Dit beteken die interpretasie van heilige tekste.
- Die woord teks sluit nie mondelinge godsdienstige tekste uit nie.
- Dit behels om na ‘n geestelike teks in sy konteks te kyk en al die faktore te oorweeg.
- In ATG-leringe word deur die gesproke woord gekommunikeer en dit word nie neergeskryf nie.
- Tydens die interpretasie van ‘n teks probeer ons ook om die betekenis daarvan te verstaan deur hermeneutiese beginsels toe te pas. (10)

3.3 **[Die kandidaat kan enige sekulêre wêreldbeskouing kies.]**
**(In hierdie memorandum is sekulêre humanisme bespreek.)**

- Die term (humanisme) was oorspronklik ‘n religieuse term.
- ‘n Humanis gedurende die Renaissance-tydperk was enigiemand wat die klassieke letterkunde en opvoeding bestudeer het.
- Dit was toe ‘n beweging wat mense aangemoedig het om hulle redenasievermoë te gebruik om openbaring te verstaan.
- In die 19de eeu het die betekenis van humanisme verskuif om ateïsme vir die meeste Engelssprekendes te beteken.
- Die term menslike sekularisme is vir die eerste keer in die 1950’s gebruik.
- Die raad vir menslike sekularisme is in 1980 gestig.
- Sekulêre humanisme is nie ‘n geloof of ‘n dogma nie.

Interaksie/Wisselwerking met godsdienste

- Dit neem stelling in teen alle soorte oortuiginge wat na bonatuurlike goedkeuring vir hulle waardes op soek is.
- Mense wat sekulêre humanisme navolg, hou nie vas aan ‘n spesifieke godsdienstige oortuiging nie of behoort nie aan ‘n godsdienstige gemeenskap nie.
- Dit verkondig die skeiding van die kerk en die staat.
- Dit verwerp die idee dat waardes die eksklusiewe eiendom van godsdienstige instellings is.
- Sekulêre humaniste se siening is dat dit die plig van openbare opvoeding is om aan die waardes aandag te gee.
- Hulle verwerp bonatuurlike aansprake. (14)

3.4

- Die Christelike geloof het die Tenach (Ou Testament) aanvaar en dit herinterpreteer om sy eie godsdienstige perspektief te vorm.
- Daarna het dit sy eie versameling tekste saamgestel, aanvaar as die goddelike openbaring (die Nuwe Testament).
- Onmiddellik na die dood van Jesus is die goeie boodskap met betrekking tot sy persoon en sy boodskap mondeling oorgedra.
- Binne twee dekades na sy dood is ‘n redelike groot hoeveelheid evangelies neergeskryf en gesirkuleer.
- Die Christene is gedwing om hulle grense teen ander sieninge duidelik te maak.
- ‘n Korpus/Versameling van geskrifte wat absoluut die waarheid is en

Kopiereg voorbehou 

goddelik geïnspireer is, moes gekies word.

- Die bepalings van die Christelike geloofsreëls is teen die einde van die vierde eeu geformuleer.
- Die Christelike geloof het ook sy stel totaal verworpe en lae-orde, niekanonieke Apokriewe. (10)

**VRAAG 4**

4.1

4.1.1

- Dat 'n goddelike wese (god, God of gode) die aarde geskep het.
- Dat die bestaan op aarde 'n spesifieke doel het.
- Dat daar 'n verhouding tussen die menslike wesens en 'n spesifieke opperwese is, of tussen die menslike wesens en spesifieke goddelikhede.
- Dat mense ander skepsels se meerdere is. (8)

4.1.2

- Ateïsme is 'n wêreldbeskouing wat die bestaan van goddelike wesens of 'n oppermag ontken.
- Daar is twee vorme van ateïsme.
- Naamlik die sagte (neutrale) ateïsme en die sterk (positiewe) ateïsme.
- Sommige ateïste argumenteer dat dit nie logies is om in goddelike wesens of 'n oppermag te glo nie.
- Omdat daar geen bewyse is dat sulke wesens of so 'n mag bestaan nie.
- Hulle sal hulle dan dikwels na die wetenskap wend om die aard van die wêreld en die heelal te verklaar, eerder as om op geloof staat te maak.
- Vir sommige ateïste verskaf die evolusieteorie oortuigende bewyse dat geloof nie lewe op aarde verklaar nie. (12)

4.1.3

- Kreasionisme verwys na die siening dat die skepping deur God soos deur die heilige boeke vertel, as die letterlike waarheid aanvaar moet word.
- Volgens kreasionisme bestaan daar geen twyfel dat God die heelal as deel van sy goddelike plan vir die mens(heid) geskep het nie.
- Die drie tekste stem saam dat God die heelal binne 'n bepaalde tyd geskep het.
- Hulle verwerp die idee van menslike evolusie totaal.
- Vir hulle is Adam die eerste mens wat deur God geskep is.
- Daarom is dit onmoontlik dat die mensdom uit laer ordes van lewe ontwikkel het.
- Om die evolusieteorie te aanvaar, sal vir hulle beteken dat ook ander oortuiginge en leringe dan nie sal kan staande bly nie. (10)

4.2

Multigodsdienstige onderwys/opvoeding:

- Multigodsdienstige onderwys/opvoeding moedig respek vir mense van ander gelowe aan.
- Dit berei mense voor om vooroordeel en onverdraagsaamheid opsy te

sit.

- Godsdienstige en etniese konflik wêreldwyd sal doeltreffend aangespreek word indien hierdie rigting ingeslaan word.
- Suid-Afrika het daarin geslaag om etniese konflikte te hanteer deur vooroordeel en onverdraagsaamheid uit te wis.
- Xenofobia is een van die uitdagings wat Suid-Afrikaners in die gesig staar.

Geweldlose kommunikasie en konflikoplossing:

- Help mense om twisgesprekke/geskille te voorkom deur kalm dialoog/tweegesprek
- Om geskille sonder geweld by te lê.
- Oorloë en geskille sal wêreldwyd doeltreffend hanteer word indien hierdie rigting ingeslaan word.
- Suid-Afrika het daarin geslaag om politieke geskille gedurende die oorgang van apartheid na demokrasie op vreedsame wyse by te lê.

Omgewings- en ontwikkelingsonderwys/-opvoeding:

- Bewusmaking van die behoefte om te verseker dat alle mense toegang tot voldoende kos en onderdak het.
- Dat mense basiese menseregte gegun word.
- Die belangrikheid om die aarde en sy hulpbronne te bewaar.
- Growwe skending van menseregte sal in Afrika en die wêreld voorkom kan word indien hierdie rigting ingeslaan word.
- Lewensgehalte sal wêreldwyd verbeter en siektes sal beheer en uitgeroei kan word indien hierdie rigting ingeslaan word.
- Aardverhitting en die vernietiging van die osoonlaag sal voorkom kan word. (20)

**TOTAAL: 150**